



KAMMANUUS

Nommer 319

12 Desember 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

Geseënde Kersfees!

TOULEIER



Ons skenk R11,000 vir Yade Kersfees op Donkiekraal

Hallo julle,

So met die laaste uitgawe van die jaar, somer net goeie nuus! Danksy 'n bydrae van R8,000 van een van ons lesers wat blykbaar anoniem wil bly, en ook 'n hele klompe van julle wat jul harte en sakke oopgemaak het, het Onsdorp se YADE fonds saldo opgespring tot R11,000.

Ons sal binnekort 'n oorbetalings doen aan Yade met die opdrag om, soos laas jaar, te kyk of ons 'n verskil kan maak in die lewens van 'n klompie voorheen hawelose oumensies daar in Bloemfontein. Miskien net 'n klein geskenkie vir elkeen of 'n lekker Kersete. Dankie aan almal wat geskenk het en nog steeds gaan.

My eerste gewaarwording van Kersfees het ek ondervind in die Kalahari, op my oom Gert Becker se plaas Donkiekraal, daar noord van Uppington. Ek het my **suster Nina** gevra om ons van hierdie plaaskrismisse te vertel.

Dit begin al in November. Ma Anna bak klein koekies vir Afrika. Veral gemmerkoekies. Kort voor Kersfees word daar ook groot koeke gebak vir die plaasvolk.

Die gemmerbier word gemaak en gebottel en in die donker hoekies van die huis gebêre. Kersdag kom al wat leef en beef van die omliggende plase op Donkiekraal bymekaar. Die wat kan beweeg, word opgekommandeer om saam groepspeletjies te speel. Die lekkerste een was Overs, waar ons in twee spanne gedeel en 'n tennisbal oor die dak gegooi word. As die bal aan die ander kant gevang word, hardloop daai ou om en probeer een van die duskantse span uithaal deur hom raak te gooi.

Daar is ook 'n soortgelyke spel wat hul Springbok genoem het. Almal is binne in 'n groot blok getrek op die grond met weerskante aan die punte twee manne wat dan ook so probeer om iemand raak te gooi om die spelers binne die blok minder en minder te maak.

As jy nie rats was nie het jy somer baie blou kolle opgetel.

Die hoogtepunt vir ons heel kleintjies is die botteltjies "dorpkoeldrank" wat in 'n sinkbad vol water koel gehou word. Almal kuier en eet. Vir die neefs en niggies was dit nou die groot spel van die jaar.

Die aand raak almal rustig en sing ons Kersliedere En ons sing, en ons sing, tot die frustrasie van die kleintjies wat die gewag nie meer kan uitstaan nie, want eers ná die gesing, kom Kersvader. Die Kersboom was gewoonlik 'n vaal kameelboomtak, want waar kry jy nou in die Kalahari 'n kersboom? Tog was die boom pragtig opgetooi in die mooiste blink stringe van alle kleure. Ek onthou dis toe ek ook my eerste bra as geskenk gekry het. Hy is ongemerk die volgende dag 'per ongeluk' saam met al die geskenkpapiere verbrand.

Ai, waar is daai dae, die afwagting en opbou na Kersdag. Al die gewerskaf om en op die werf om alles reg te kry. Hoenders se koppe het gewaai, skape is geslag vir patee en vleispasteie en om ook somer kos te hê vir die ver familie wat kom kuier.

Ek en my kinders hou nog elke jaar die Kersboom aan die gang, maar die getalle het gekrimp. Hierdie jaar is ek geseën om vir die eerste keer in baie jare saam met my dogter die Kersdag te kan deurbring. Hier in Saudi, in Lapkopland, waar jy nie eens hardop geseënde Kersfees mag sê nie. Maar ons laat ons nie afsit nie. Dit word so stilletjies as moontlik agter die hand gefluister so ver soos jy gaan:

GESEËNDE KERSEES! AAN ALMAL!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Jy is dalk 'n boer as . . .

- Jy meer as een keer per week bloei sonder om te weet dit gebeur het.
- Jy drie stelle finansiële state aanhou. Een waarop jy amper bankrot is vir SARS, een waarop jy op die rand van miljoenêr is vir die bankbestuurder en een wat die waarheid is.
- Jy 'n swart taal beter kan praat as Engels.
- Jou Engelse woordeskat bestaan uit "yes", "no", "thank you" en "Vat vrou! Hulle praat alweer Engels!"
- As jy eerder jou hemp sal uittrek as jou hoed afhaal.
- Jy alle mans met die hand groet en al die vroue soengroet, veral vreemde mense!
- Jy dink "meneer" gee skool en al die ander mense kan aangespreek word as "oom" en "tannie".
- Jy ingeskryf is op die *Landbouweekblad* en elke week uitsien na Werfbobbejaan.
- Jy liever is vir jou trekker as jou skoonseun
- Jy kan sê watter kant toe die wind waai sonder om jou vinger nat te lek.

Jy is nie vet nie

Dis net maklik om jou raak te sien

DIE LEWE GAAN OOR GAT SKOP

nie gat lek nie

Die legendariese BOB HOPE



OOR 70 WORD

"Jy jaag nog vroue, maar net afdraand."

OOR 80 WORD

"Dis die tyd van di lewe wanneer selfs jou geboortepak lyk of dit gestryk moet word word."

OOR 90 WORD

"Jy weet jy word oud as die kerse meer as die koek kos."

OOR 100 WORD

"Ek voel nie oud nie. Eintlik voel ek niks tot die middag nie. En dan is is tyd vir my middagslapie"

OM VIR PRESIDENTE OP TE TREE

"Ek het voor 12 presidente opgetree, maar net ses het gelag."

Slim Idees

Gebruik die knippies van brood-sakkies om die chaos by jou kragverdelers op te los.



Vrae en antwoorde

V: Wat is die verskil tussen 'n feëverhaal in die noorde van die VSA en die suide?

A: In die noorde begin hulle met: "Once upon a time." In die suide begin hulle met: "Y'all ain't gonna believe this shiit . . ."

V: 'n Brunet, 'n blondine en 'n rookop as al drie in Gr. 8. Watter een het die grootste tieties?

A: Die blondine, want sy is al 18.



'n Ouerige man word omstreeks 02:00 deur die polisie gestop en gevra waarheen hy so laat op pad is.

Die man antwoord: "Ek is op pad na 'n lesing oor alkoholmisbruik en die effek daarvan op die menslike liggaam, sowel as van die slegte gevolge van rook en laatnag uitbly."

Verkeerskonstabel: "Werlik? En wie gaan hierdie tyd van die nag vir jou so 'n lesing gee?"

Man: "O, dit sal die vrou wees met wie ek getroud is."



Duskantlander in Anderkantland



Deur GERARD DE JONG in die SANAE-basis

Ons Kersfees hier by die SANAE-basis was op 9 November, toe die eerste vliegtuig ná die winter hier by die basis geland het met pakkies uit Suid-Afrika. Dit was soos 'n Kersfees vir ons. Ek het selfs 'n klompie WEG-tydskrifte gekry en verlang nou baie terug na die land.

Die SA Agulhas vertrek gewoonlik ná die eerste week in Desember vir die oorname hier in Antarktika. Die rit hierheen duur ongeveer 11 dae. Dit is dus moontlik dat die ou en die nuwe ekspedisielede hier kan wees vir Kersfees.

Ongelukkig werk Moeder Natuur nie altyd saam nie. Slegte weer het veroorsaak dat van ons ekspedisielede verlede jaar Kersfees op die skip moes deurbring. Ek was een van hulle.

Die personeel het baie moeite gedoen en ons het 'n heerlike Kersmaaltyd geha, met klappers en als. Ek het nou nog die presentjie wat ek in my klapper gekry het.

E-posse van die skip af is baie duur, en telefoonoproepe nog duurder. Daar is dus geen kommunikasie met die buitewêreld nie. Gesinne word voor die ekspedisie gevra om Kers- en verjaarsdaggeskenke te stuur aan die spanleier wat dit dan by die geleentheid oorhandig.

Personeel word met die helikopters ingevlieg van die kus tot by die basis. Dit duur omtrent 'n uur. Houerbakke met die voorrade vir die nuwe jaar word deur die drywers met trekkers tot by die basis gesleep. Dit kan tot 30 ure duur.

Al die lekker voorrade is uitgeput

By die basis is al die lekker voorrade uitgeput. Die roomys is net nie meer dieselfde nie. Indien die kokke en spanlede voor Kersfees hier aanland, moet die kokke hulle verbeelding gebruik om iets aanmekaar te slaan. Hulle is gewoonlik baie goed daarmee.

As die weer saamspeel sal daar natuurlik gebraai word. Ons braai reeds buite, al is die temperatuur nou -8 °C. Telefoonoproepe is meer bekostigbaar van die basis af, en e-posse is gratis.

Ons gaan weer Kersfees vier as die SA Agulhas hier aankom. Daar sal weer pakkies met geskenke vir ons wees. En ook al die voggies wat aangevul word ná die droogte.

En dan die terugrit na Suid-Afrika se hitte, jou selfoon, sleutels en slotte.

Nee dankie, ek bly liewer hier in Antarktika!

Ons werk hard aan al die voorbereidings vir die oorname. Toerusting is diep ná die winter die onder die sneeu begrawe. Rommel het opgehoop. Voertuie moet versien word vir die oorname. Die lys het nie 'n einde nie.

En alles wat verkeerd kan gaan, gaan verkeerd. Nogtans is ons opgewonde om weer ander mense te sien.

Tydens 'n oorname is ons soms tot 80 mense hier by die basis. Dit sluit in geoloë, trekkerbestuurders, die kokke en wetenskaplikes en werkers van die Departement van Openbare Werke wat onderhoud aan die geboue doen. En natuurlik ook die ou en nuwe oorwinterspanne.

Die oornametydperk duur tot vroeg in Februarie, wanneer die skip terug vertrek na Suid-Afrika. Daar word ook 'n sportdag gereël. Sokker, toutrek, stewelgooi, poel en veerpyltjies, om maar net 'n paar te noem.

Die jaar staan nou einde se kant toe. 'n Jaar wat heeltemal te vinnig verbygegaan het.

Van wat ek wou vertel het, het nie veel gekom nie. Dit sal 'n boek moet wees en ek gaan nie daardie boek skryf nie.

Dit was een van die beste jare in my lewe en een wat ek graag sal wil oor hê. Met 'n bietjie geluk skryf en verder volgende jaar van Gough-eiland af.

Groete, Gerard.



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Vanwaar kom 'kiekies'?

MENSE praat deesdae selde van kiekies - een van daai woorde wat seker aan die meeste van ons bokant 50 bekend is (soos kattedak) maar in onbruik verval het. Wyle Lucas Maree het straks weer die stoffies van die woord afgeblaas met een van sy eerste treffers, "Kiekies":

*Ek verdwaal deesdae so dikwels
in die blaai van my boek,
soek die sleutels van my hart onder die stof.
In my pelgrimstog na gister
blaai my wisselstroomgemoed
deur die ou, bekende name in my boek
en dan die slotversie:*

*Daar's net een probleem met kiekies
en die gom van plakdriehoekies,
want die gapings tussen kiekies maak my bang*



My oorlede ma se kiekiesalbums is alles wat Lucas hierbo beskryf - my eie "pelgrimstog na gister". Al haar kiekies het mense op - nie bome of landmerke of geboue nie. En dit skyn die ware betekenis van die woord te wees, soos uiteengesit in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT):

Kiekie, s.nw. Selde ook kiek.

Kleinerige foto, gewoonlik deur 'n amateur met 'n handkamera geneem. Afleiding van *Kiek*, die van van 'n Joodse fotograaf van Leiden, Israel Kiek, wat veral studentefoto's geneem het.

Nou toe nou, hoeveel van julle het dít geweet?

'n Menslike tsoenami?

DIE wêreldbevolking het op die simboliese datum 31 Oktober die vlak van 7 miljard bereik. Daar word na raming 380,000 babas per dag - of 160 per minuut - gebore.

Hoe baie is 7 miljard?

- 200 jaar is hoe lank dit jou sal neem om hardop tot 7 miljard te tel.
- 133 keer om die aarde is hoe ver 7 miljard treë jou sal neem.
- As 7 miljard mense op mekaar se skouers staan, sal die totale afstand meer as 30 keer die afstand tussen die aarde en die maan beslaan.

Landelik/stedelik

In 2008 het daar vir die eerste keer meer mense in stede gewoon as in die landelike gebiede.

Megastede (bevolking van meer as 10 miljoen)

- In 1970 was daar net drie: New York, Mexikostad en Tokio.
- Vandag is daar 21 megastede (Tokio 35,6 miljoen, New York en Mexikostad 19 miljoen).

Waar staan Afrika?

- Kinshasa, Lagos en Kaïro sal binnekort meer as 15 miljoen mense huisves.
- 72% van Afrika se bevolking leef reeds in krotbuurte.

Gaping tussen ryk en arm

- Ongeveer 5,7 miljard of 82% van die wêreldbevolking woon in arm lande - en 97% van die toekomstige bevolkingsaanwas sal in dié lande wees.
- Die ryk lande huisves net 1,2 miljard mense, of 18% van die wêreldbevolking, maar produseer 75% van die rykdom.

Hoe lyk Suid-Afrika?

Suid-Afrika se 50 miljoen mense is in baie opsigte 'n spieëlbeeld van die wêreld:

- Suid-Afrika het net 0.6% van die wêreldbevolking, maar 17% (5,4 miljoen) van die totale MIV/vigsbesmettes en 11% van die TB lyers.
- Die meeste lande se sterftekoers daal, maar Suid-Afrika s'n het die afgelope 10 jaar byna verdubbel.
- Die verdeling tussen ryk en arm is waarskynlik die grootste ter wêreld: 3% van die topverdieners verdien 35% van die totaal. Die armste 20% verdien net 2,3% van die nasionale verdienste.

•• **Uittreksels uit 'n artikel ontleen aan *Die Burger*, geskryf deur prof. Flip Smit, wat demografiese tendense navors.**



Giggels

Alles in die gees van
Kersfees

Oukersaand by die Capps



KORTETJIES

V: Net voor Kersfees ry 'n eerlike politikus, 'n vrygewige prokureur en Kersvader in 'n hysbak in 'n vyfster hotel, en sien daar lê 'n \$20 noot op die vloer. Wie het dit opgetel?

A: Kersvader, natuurlik – die ander twee bestaan nie!

V: Hoekom het Rudolph 'n rooi neus, terwyl al die ander rendiere se neuse bruin is?

A: Omdat hulle nie so gou soos hy kan breek nie.

Die dogtertjie klim op Kersvader se skoot, en hy vra wat sy vir Kersfees wil hê. Die kind het hom opmond aangekyk, en verstom gevra: "Het jy dan nie my e-pos gekry nie?"

GEEN PLEK VIR JODE

Mev. Oppenheimer het besluit om aan die koue van New York te ontsnap en Kersfees in die uiters konserwatiewe Diep Suide van die VSA deur te bring. Uit onkunde stap sy toe by 'n "beperkte" hotel in en vra vir 'n kamer. "Jammer," sê die eienaar, "maar ons is volbespreek." Net toe teken een van die gaste in die hotel uit.

"Aha," sê mev. Oppenheimer, "nou het jy 'n kamer vir my!"

"Kyk," sê die eienaar, "hierdie is 'n beperkte hotel. Jode word nie hier toegelaat nie."

"Jode! Wat bedoel jy met Jode?" vra sy boos. "Ek is 'n Katoliek!"

Die eienaar het haar op en af gekyk, en sê: "Wel, sê my, wie was die Seun van God?"

"Jesus," antwoord sy.

"En waar is hy gebore?" vra hy.

"In 'n stal in Bethlehem. En weet jy hoekom? Omdat 'n ghwar soos jy geweier het om 'n kamer aan Jode te verhuur!"

Met Kersfees is daar mense wat so baie liggies by hul huise het dat jy nie weet wat hulle vier nie: Kersfees of General Electric.



GARFIELD deur Jim Davis





STORIES OOR KERSFEES

Ons het 'n paar lesers genooi om hul beste Kersfees-storie met ons te deel.

Hoe ek die ware Kersfees ontdek het

Deur QUINTIN DU PLOOY

Krismis was Krismis. Dieselfde van jaar tot jaar. Tot ek een aand, op 'n besondere wyse, tot 'n besef van die Boodschap gekom.

In 1961 was ek 17 jaar oud, vreemd, in 'n vreemde, dikwels ruwe, vyandige omgewing. Walvisbaai, die een van die sestigs, nie van vandag nie. Rowwe vissers, versmorende reuke, vreemde tale, gepraat deur nomade met min erg aan voorbeeldige gedrag.

Ek is Oukersaand kerk toe. Van die diens onthou ek nie veel nie, maar toe die kerk begin leegloop, gryp 'n hand my arm.

"Jy kan noot hou. Ek het jou gehoor," sê die maer man en hy sleep my saam. Ons klim op die lorry, waar die gewone kerkklompie vergader is; vet, maer, lank, kort, almal met die vroom glimlag wat my destyds koud gelaat het. Daar is 'n trekklavier en 'n ghitaar met 'n *amplifier* wat aan 'n karbattery gekoppel is. Ons ry straatop, straataf. Stille Nag, Heilige Nag, Die Heiland is Gebore, Bethlehem Ster.

En ek is verbaas oor die stamsuiwerheid van die van die kort, mollige vrou en oor lang, maer Marais (sy naam het nooit gehoor nie) se suiwer tenoor.

Ons ry van huis tot huis en die mense kom uit hulle huise uit. Die mis maak kransie om hulle in die ligte van die voorhuise.

Hier en daar word ons luidkeels drank aangebied, maar daar is ook dié wat net luister, selfs saamsing. Ek, "wat kan noot hou," het lankal opgehou om te sing en ek kyk net, verwonderd oor wat ek nooit voorheen gesien het nie.

Voor een voordeur staan 'n uitgebreide gesin, nog in hulle kerkklere. Die dogter, so vyftien, sestien jaar oud, steek haar gesig teen Ouma se skouer weg en die trane in Ouma se oë kan ek sien, selfs deur die mis. 'n Besondere Moeder-en-Kind, omgewe deur ampse heiligheid in die misflarde. Ouma se hand wat oor die dogter se hare streel. Die liefde was so openlik dat selfs ék dit kon sien.

Ek dink dit was toe dat ek besef het Krismis gaan nie net oor geskenke en eet en gemmerbier nie.

Dalk lees Marais die stukkie. Dalk een van dié wat in die ligbaan vanuit hulle voorhuise kom staan het.

En al wat ek aan hulle kan sê, is 'Dankie'.

Lekker Kersfees met eie mense in die vreemde

DEUR JOHAN MULDER

Gedurende die jaar 2001 het ek in Amerika gewerk en was werksaam in die Mid West! My vrou Riana, wou bitter graag kom kuier en ek het haar laat oorvlieg en sy het die 17 de Desember geland en sou saam met my vakansie hou tot diep in Januarie 2002.

Ek het in 2001 in die Middeweste van Amerika gewerk, en my vrou het haar voor Kersfees by my aangesluit. Ek het 'n Ford gehad, en ons het 'n paar weke lank deur die land gaan toer.

So beland ons toe twee dae voor Kersfee by Suid-Afrikaners in Missouri in die dorpie Gower. Ons is toe genooi om oor te bly, aangesien 'n hele klomp van ons landgenote die volgende dag Kersfees by hulle sou kom vier. Die volgende dag daag daar toe 26 Suid-Afrikaners op, en wat 'n fees was dit!

Ons het gesels soos ou ou vriende en het sommer orals lêplek gemaak en almal slaap onder een dak. Ons gasvrou het vir al die grootmense 'n sprokies mooi tafel gedek, en die kinders het in 'n aparte vertrek geëet en gekuier. Die vroue het slaai en kos voorberei vir die Kersmaal en ons manne het omgesien na die vleisgeregte en natuurlik die Germaanse bruisdrankies.

Daar is grappe vertel wat skrik vir niks en teen Kersfees was algar gedaan van al die lag. Dit was die vrolikste klomp Saners in die hele Amerika, en almal wat daar was sê vandag nog so! Wys jou net, sit twee of meer Saners bymekaar in die vreemde en ons word een groot familie en maak dit 'n uithaler geleentheid wat baie lank onthou sal word!

Grootste Kersgeskenk vir twee ou mense

DEUR PETER THOMAS

Dis die dag voor Kersfees, en soos elke jaar neem ek en my vrou Kersgeskenkies vir die inwoners van 'n ouetehuis naby ons.

Elkeen neem 'n sak geskenke, sy na die vroue se vleuel en ek mansafdeling. Oom Nathan en my pa was vriende en ek kuier altyd lekker by hom. Sy oë blink toe ek sy pakkie oorhandig.

"Ek hoop dis tjoklits," sê hy terwyl hy dit vinnig in die laai van sy bedkassie wegbêre. Ek sit nog 'n rukkie by hom en gesels oor sy gunsteling onderwerp, die Tweede Wêreldoorlog. Dan vertel hy my van sy verloofde, Beth. Hulle het albei in Londen gewoon en het 'n maand voor die oorlog uitgebreek het, verloof geraak.

In die begin was daar gereeld briewe, maar toe tref 'n ramp hom. Sy tenk word deur 'n mortier getref en hy spandeer drie maande in 'n hospitaal. Namate hy herstel het, het hy begin navraag doen oor pos van Beth. Altyd was die antwoord dieselfde: Geen pos nie. Sy briewe is ook nooit beantwoord nie.

Ná die oorlog was hy geskok om te sien dat die buurt waar Beth gewoon het, verpletter was deur die bomaanvalle. Ná maande se gesoek het hy aanvaar Beth moes omgekome het. Kort daarna het hy verhuis na Suid-Afrika.

Op pad huis toe vertel vroulied my van Tannie Liz by wie sy die hele aand gekuier het. Hoe sy in Londen woonagtig was en pas verloof geraak het toe die oorlog uitbreek en hoe haar verloofde, Jonathan, weg is Noord-Afrika toe. Hulle het aanvanklik gereeld aan mekaar geskryf, maar toe word haar briewe nie meer beantwoord nie. Haar familie is gedurende die bomaanvalle op Londen oorlede en sy het daarna na Suid-Afrika verhuis.

Ek voel hoe kry ek hoendervleis en draai net daar om. Presies 'n week later is ons eregaste op die grootste troue wat nog by die ouetehuis gehou is.

Daardie eerste Kersboom was die heel mooiste

DEUR MARIE SWEETNAM

Ek was seker so vier of vyf jaar oud, maar my heel eerste Krismisboom staan my nog helder voor die gees.

Ons het op die ou Duitse garnisoen-gehuggie Kanus gewoon, sowat 20 myl van Grunau af. Die meeste skoolkinders was van die plase af en het sommer op hul eie in die ou garnisoen-kamers gebly, waar die buurtannie 'n ogie oor hulle gehou het. Naweke het hulle plaas toe gegaan.

My moeder was baie vindingryk en het saam met een van die twee skooljuffers 'n boks vol Krismisgoedjies van John Orr's in Kimberley bestel. Alles was natuurlik vir ons kinders geheim gehou.

Pa het 'n jong doringboompie gaan afsaag in die Homrivier digby, en in 'n drom staangemaak in die eetvertrek van die juffrouens se losieshuis. En daar is die boompie behang en getooi met die pragtigste skitterende glasballetjies, klein geskenkies, een vir elke kind in die gehuggie, en klein kersies en stukkie watter – seker nou om sneeu voor te stel – totaal onbekend in daai warm wêreld.

Die aand van die Krismisboom was die hele gehuggie se mense daar, elkeen moes sy eie stoel bring vir 'n sitding, en die kinders het blinkoog op die plankvloer gesit. Daar is Kersliedere gesing, geskenkies uitgedeel, lemoenstroop vir die kinders en gemmerbier vir die grootmense en lekker koekies vir almal.

Ek glo dat die groot mense se oë ook maar net so geblink het as dié van ons klompie kinders, dalk die trane van onthou of weemoed uit hulle eie kinderdag.

Geen kersboom daarna was ooit weer so mooi nie.



SOEK JY NOG 'N KERSGESKENK?
Kry 10% afslag!

Oorweeg 'n Bluetooth-toetsbord vir 'n selfoon of iPad. Gaan lees alles by die volgende adres: www.foonpret.co.za/mini1.htm.

Ons by Egafrikaans is bereid om, vir Kersfees, 10% afslag te gee op die prys wat op die genoemde webtuiste aangedui word. Indien jy 'n laat inkopie wil doen, kontak my: D@nie.co.za



Deel 9

Ons gaan grens toe!



DIRK BOSHOFF

vertel in hierdie aflewering van sy eerste kennismaking met die Grensoorlog in Angola.

Uiteindelik breek die Groot Dag aan: Ons gaan grens toe! So word daar aan my en paar ander opdrag gegee om onself reg te kry om op verskeie plekke op die grens te gaan diens doen.

Dit wissel tussen Rooikop, Rundu, Ondangwa en Mpacha in die Caprivi-strook. Ons kry pas vir twee dae om ons familie te groet en dan vir drie maande diens te gaan doen (my eerste een was vier maande).

Ons goed word gelaai, en daar gaan ons – my eerste en verste vlug nog, tot in die Caprivi. Ek was voorheen darem al 'n paar keer oorsee na familie: van Kaapstad na Robbeneiland, waar hulle gewerk het. Ek weet sommer almal sal saamstem dat dit oorsee is, want ek kon nie per pad soontoe gaan nie en ook nie oor 'n rivier nie!

'n Paar uur later daal die C-130. Deur die venster loer ek nuuskierig om te probeer uitmaak wat onder aangaan. My hart klop wild van die adrenalin, en ek wonder wat gaan alles met my hier gebeur.

Dit is 'n plat wêreld met baie bosse. Die C130 vlieg baie laag en raak amper die boomtoppe. Onder sien ek MK-1 en MK-2 Impala-vegvliegtuie staan. Vir algemene kennis: die MK-1 het twee sitplekke en die MK-2 net een. Daar is C-130's en C-160's. Eenkant staan daar Alouette-helikopters, Bosbokke en Kudus. 'n Kudu kon so ses en 'n Bosbok twee persone saam met die vlieënier vat.

Ons land met die dreunings van die skroewe wat protesteer en lug terugstoot in die teenoorgestelde rigting as wat ons beweeg. Die bewerasie van die vragvliegtuig se romp voel ons aan ons lywe. Wat kan ons verwag? Niemand het ons opgelei of laat weet nie.

Ons is aan die begin van die winter in die Caprivi, maar die weer is heerlik. Ons help alles aflaai. Mpacha is 'n klein basis. Vliegtuigloodse staan hier en daar, en 'n langerige gebou wat 'n admin-gebou moet wees. Ons moet oral aanteken, en ontvang gevaartoelaes hier saam met ons maandelikse "salaris" van minder as R100.

"Ek het die kuns vervolmaak om die pille langs my gesig te laat verbytrek."

Ons is verplig om malariapille te drink. Daar word vir jou vertel dat jy nooit bruin sal brand nie as jy die pille drink. Ander sê weer die pille hou jou koerasie laag (bloupille het party dit genoem).

Hulle staan voor jou en maak seker jy drink die goed, maar ek het die kuns vervolmaak om die pil na my mond te gooi en langs my gesig te laat verbytrek, dat dit doer in die veld val. Ook maar onverantwoordelik gewees met al die dinge

wat jou vertel was wat jou kan oorkom as jy die pille drink.

Dokumente word geteken dat jy nie in die Zambezirivier sal swem nie (krokodille en seekoeie). Ons slaapkwartiere word vir ons uitgewys. Die kos is goed en ons kon nie kla nie. Anders as in Ondangwa (meer hieroor later) kry ons in borde kos - gesonde boerekos!

Ons slaap in asbeskamers waarvan die meeste vensters uit is en ander met perspeks toegemaak is.

Almal is vreemdelinge vir mekaar. Ek is sommer van die begin af proaktief en vertel die ander dienspligtiges dat ek 'n ouman is en oor ses maande uitklaar. Hoekom sal ek nou dat blygemaakte troepe my hier ook rondstuur en beveel?

Tog was ek altyd skrikkerig dat hulle my sou uitvang. Maar so het ek weggekome met die leuen dat ek 'n ouman is.

Ek weet nie waarmee Wêreldoorlog III geveg sal word nie, maar Wêreldoorlog IV sal met stokke en klippe geveg word. – *Albert Einstein*.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte

EKONOMIESE VRUGTEKOEK VIR KRISMIS

Hier is ESMÉ en JAN se oorspronklike ekonomiese vrugtekoekresep:

4 k vrugtekoekmengsel	1 k dadels
1 k glanskersies	1 k suiker
½ k botter	1 k water
1 t koeksoda	2 k meelblom
½ t bakpoeier	½ t pimento
¼ t gemmer	¼ t sout
2 eiers geklits	2 e brandewyn

Kook die vrugte, dadels, kersies, botter, suiker en water vir 10 minute saam, roer tussendeur dat suiker kan smelt en om brand te voorkom.

Voeg koeksoda by warm mengsel en roer deur. Laat afkoel. Sif droë bestanddele by. Roer geklitste eier en dan laastens die brandewyn by. Skep in gesmeerde en met botterpapier uitgevoerde pan.

Plaas ook 'n lagie papier bo-oor. Bak vir 3 ure in 'n matige oond tot gaar (300 grade F / 150 grade C).

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

Groetnis
Retha

STAMBOOM

AGENBACHT rivil@telkomsa.net

My ouers Cornelius Johannes Jacobus Agenbacht en Elizabeth Susanna Comelia Paulsen. My pa was die oudste seun van Johannes Jacobus Agenbacht (1 Nov 1888 gebore, vermoedelik in Vredendal-omgewing) en Lo Ammi Comelia Elizabeth Compion.

BESTER ymn@adelphia.net

France Johannes Bester, gebore 5 Oktober 1905 by Oivendraai, Groot Marico. Hy was getroud met Johanna Elizabeth Fourie, gebore 24 Desember 1907. Hulle is getroud op 20 November 1926 te Gabrons, Betsjoeanaland. Albei gewoon en oorlede op Lichtenburg. Ek is op soek na albei se ouers en grootouers.

BRITS vandermerwe.marietjie848@gmail.com

My ouma was 'n nooi Brits. 'n Familielid van haar is in Durban begrawe omdat hy op see gesterf het met hul terugkoms van Indië as bannelinge. Sy was Martha Maria Petronella Brits en haar ouers was Pieter Stefanus Brits en Anna Catarina Engelbrecht. Sal meer inligting baie waardeer.

BRUYNS gansie.coetzee@daimler.com

Ek benodig enige inligting i.v.m Martina Jacoba Bruyns (geb. Coetzee) en eggenoot Andries Christoffel Bruyns. Hulle het in die Postmasburg-omgewing gewoon, en is ook hier begrawe.

CALITZ ec.natinspect.calitz@saps.org.za

Ek is Albertus Gerhardus Calitz, seun van Dirk Daniël Johannes Calitz, seun van Daniël Johannes Calitz, afstammeling van Matthias Calitz, wat na SA toe gekom het in die 17de eeu as 'n huursoldaat. Enige iemand wat my ken of wat ook afstammeling is, kan my kontak.

COETZEE henniejudy@absamail.co.za

Pa: Petrus Daniel Coetzee (1934-) getroud met Helena Gerendina Combrink (1936)
Oupa: Stephanus Petrus Coetzee (1908-1974) getroud met Judith Maria Coetsee.
Pretoria.

Oupagrootjie : Daniel Coetzee (1871-1901) getroud met Magdalena Elizabeth Susanna Grove distrik Middelburg

Groot oupagrootjie: Johan Christiaan Lamprecht Coetzee. Getroud met Gertruida Johanna Elizabeth Gildenhuys, distrik Kroonstad.



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Oukersaand op Bultfontein

"Duidelik was Poelie voorbereid op die ding, want hy het skielik 'n doringboomtakkie met so 'n lekker vet kameeldoring vooraan."

Deur APIE DE KLERK

Ek sal in my lewe seker nooit vergeet van Bultfontein nie. My oorlede Ouma Petoors en een van my Tannies en hulle kinders het daar gebly, hulle was Du Plessis en my neef Louis was een van my kindertydhelde. Hy het vir Noord-Vrystaat skrumskakel gespeel en vir 'n nege-, tienjarige laaitie is dit GROOT!

My vroegste herrinerings van Bultfontein is van groot erwe en baie ou, kliphuise wat heerlik koel was in die somer en vrek koud in die winter.

Maar later meer oor Bultfontein en sy mense, Hierdie storie gaan oor Krismis. Dit moes omtrent 1961 of '62 gewees het toe ons, soos gewoonlik, Kersfees by Ouma gaan deurbring het.

Die ou mense het geslag en gebak en gesout en kos gemaak om letterlik 'n leë skare te voed. Onthou, daar was nie 'n yskas nie, Ouma het 'n syf gehad wat buite onder die reuse appelkoosboom gestaan het. Al die kos moes só gemaak word dat dit die Desemberhitte kan weerstaan, dus was inlê en preserveer hoog op die lys, gelukkig braaivleis ook (op mieliebronke).

Die hele familie het daai jaar hier kom saamtrek en daar is ómtrent gekuier. Van hier rondom 22 Desember af het hulle begin aankom van reg oor die land. Sodat van neefs en niggies het ek nog nooit voor of ná daai jaar bymekaar gesien nie.

Ek en my oorlede broer was toe al van die skool gesluit het daar, en ons moes al die neefs en niggies verwelkom, al het ons die meeste van hulle nie eers geken nie. Daar moes daai jaar ten minste honderd mense gewees het, ek kan nie onthou waar almal geslaap het nie, maar ek en my broer en ons een neef wat ook saam met ons in Welkom gebly het, sy bynaam was Poelie, het by Ouma in die ou huis gebly.

Gewoonlik was Oom Flip Kemp, ons oom wat op Hoopstad vir die Ford-garage gewerk het, Kersvader. Ons het geweet dis hy, maar ons het gemaak of ons nie weet nie. Hy het so lekker ou groot boepens gehad en ek dink my tannie het self die r pak gemaak. Die baard was sommer van watte gemaak en hy het 'n donkerbril opgesit om hom verder te vermom.



NOU is dit ook so dat daar daai jare nie spoeltoilette in meeste van die huise was nie, dit was nog sinkgeboutjies buitekant met emmers wat een of twee keer per week deur die munisipaliteit se "honey sucker" skoongemaak is. Dis nou wat ons die lorrie genoem het wat die emmers kom leegmaak het. Die ou mense het van 'n nagwa gepraat.

Die *longdrops* was so gebou dat hulle rugkant na 'n nou straatjie gestaan het wat teen die huise verbyloop. Hulle het almal 'n deurtjie aan die straatkant op die grond gehad waardeur die emmer uitgehaal is. Dan het die werkers in die stegie afgekrom en die emmers in die lorrie leeggemaak.

Dié Oukersaand was Oom Flip weer Kersvader, maar toe die tyd kom vir geskenke uitdeel, was Oom Flip se maag nie so lekker nie - seker van al die lekker vet skaap- en varkvlies. Hy het toe al vroeër 'n paar draaie in die *longdrop* gemaak, maar teen uitdeel-tyd was hy orraait.

Of so het hy gedink . . .

Ek en my broer en Poelie het ook tussen die ander kinders gesit en wag vir ons presente, toe Poelie opmerk: "Wat skuif Kersvader so rond op sy stoel?"

Ek sien toe ook Oom Flip het so half benoude uitdrukking op sy gesig en my broer reken "ek is seker sy maag wil weer werk."

Poelie stamp so aan my broer en hulle glimlag vir mekaar. Ek was kleiner as hulle en

het maar agter hulle aangetou, veral as ek dink hier kom pret. Tot hul groot ergernis natuurlik, maar hulle het my meestal verduur. Die twee staan toe op en begin deur toe beweeg, met my agterna.

Buite gekom, hoor ons deur die venster Oom Flip sê: "Kinders, Kersvader gaan net gou kyk of die takbokke kos het, ek kom nou weer terug," en ons sny 'n lyn, reguit kleinhuisie toe met die stegie langs.

Duidelik was Poelie voorbereid op die ding, want hy het skielik 'n doringboomtakkie met so lekker vet kameeldoring vooraan. Julle weet mos, daai dorings wat soos twee buffelhorings lyk.



By die kleinhuisie aangekom, maak ons die deurtjie saggies oop en die klank slaan ons tussen die oë, maar Poelie maak hom met 'n stuk draad vas wat vir die doel daar aangebring is.

Net toe hoor ons hoe kom Oom Flip aangestorm. Hy ruk die kleinhuisie se deur oop en ons hoor hoe swets hy om die Kersvaderpak se baadjie oop te kry sodat hy sy broek kan bykom.

Hy sak met 'n behaaGlike "aaaaah!" op die sitplek neer, en ons staan so bietjie tru om nie bespat te word nie. Toe die eerste sarsie bedaar, seil Poelie op sy pens nader met die doringtak in sy hand. Oom Flip se boude lyk soos die deeg van twee uitgerysde witbrode en Poelie kon nie mis nie.

Hy raps die linkerboud met die kameeldoring lekker hard en hy gee vinnig pad.

Nou moet julle weet, net die vorige dag het een van die Ooms vertel hoe een van sy volk nou annerdag dood is nadat 'n geelslang hom in die kleinhuisie gepik het. Die slange kruip blykbaar daar in agter die skaduwee aan en dis wanneer hulle jou dan pik as jy hulle pla.

Ek is seker Oom Flip het die storie onthou, want met 'n onaardse gil vlie hy by die kleinhuisie uit, loop die deur des moers, skoon uit sy skarniere uit en skreeu: "Vrou, kom help, 'n donnerse slang het my gepik!"

Ongelukkig vir hom het hy vergeet sy broek hang om sy enkels en hy slaat neer soos 'n os.

Hoe meer hy probeer opstaan, hoe meer pootjie die broek hom, en die *gumboots* wat hy aanhet help ook nie juis nie.

Nodeloos om te sê, een van die ander ooms moes maar noodgedwonge verder presente uitdeel want Oom Flip was vas oortuig 'n geelslang het hom gepik, veral toe my Tannie vir hom sê daar sit twee sulke rooi bytgaatjies op sy linkerboud.

Hulle is daar weg dokter toe, maar ek kan om die dood nie onthou wat toe gebeur het nie, ek weet net ek het van toe af self seker gemaak ek kyk eers of daar iets skuil voor ek gaan sit het.

Koebaai!

Sien julle weer op 12 Januarie 2012